Nasionale Register van Groot Bome van Suid-Afrika (NRGBSA).

INLEIDING

Die Dendrologiese Vereniging van Suid-Afrika het in1982 ‘n register begin hou van groot bome in die land, bekend as die Nasionale Register van Groot Bome van Suid-Afrika (NRGBSA). Die doel van hierdie Nasionale Register, ook bekend as die Grootboomregister is om die grootste bome van ons **inheemse boomspesies** te eien, te meet en te lys. Sedertien is meer as 220 bome gemeet en op die register geplaas, insluitend enkele bome van Botswana. Bome word gegradeer op grond van totale grootte wat bepaal word deur ‘n grootte-indeks gebaseer op ‘n kombinasie van die stamdeursnee op borshoogte, boomhoogte en deursnee van die kroon.

Die byhou van so ‘n lys het baie uitdagings, en dit geld ook vir soortgelyke lyste wat oorsee gehou word. Baie van die bome op die lys is meer as tien of twintig jaar laas gemeet of besoek. Hermetings moet gedoen word omdat bome groei, en tydens besoeke mag daar ook ontdek word dat van die bome beskadig of dood is. Omdat die lys tans hersien word kan die inligting nie gepubliseer word nie. Die lys het as inset gedien en het ook oorvleueling met die Kampioenboomprojek van Departement Waterwese en Bosbou, maar anders as laasgenoemde word daar ook gefokus op die grootste eksemplare van kleiner spesies. Beide projekte kan aanvullend wees tot bestaande maatreëls vir die bewaring van bome, en vir publieke bewusmaking oor bome.

EIENAARSKAP VAN DIE REGISTER

Die Nasionale Register van Groot Bome van Suid-Afrika is die eiendom en verantwoordelikheid van die Dendrologiese Vereniging van Suid-Afrika (DVSA). Niemand mag enige inligting daaruit of verwante materiaal soos fotos gebruik sonder die skriftelike toestemming van die Vereniging nie. Slegs die Bestuur kan sodanige toestemming verleen na oorweging op ‘n Bestuursvergadering. In gevalle waar materiaal dringend benodig word en die Bestuurslede nie betyds geraadpleeg kan word nie, kan die President sodanige toestemming verleen of weier op eie diskresie. Waar toestemming verleen word kan die Vereniging voorwaardes stel, ook om te verseker dat voldoende erkenning gekry word.